



Opsies vir wanneer u u werkgewer verlaat

Wees gereed om ingeligte
besluite oor u geld te maak



alexforbes.com

alexforbes
insight • advice • impact

Verlaat u u werkgewer?

Een van die belangrike finansiële besluite wat u sal moet neem, is wat om met u aftreespaargeld te doen wat u by u huidige werkgewer het.

In hierdie brosjure neem ons u deur u opsies en wat hulle beteken.

Oorweeg dit om u aftreespaargeld te bewaar

Bewaring is wanneer u u aftreespaargeld in die huidige fonds hou of dit na 'n nuwe fonds oordra in plaas daarvan om dit as kontant te onttrek wanneer u u werkgewer verlaat.

Indien u

R10 000

per maand gemaak het en 'n pensioen gekoop het wat u 'n pensioen van

20%

van u salaris gegee het, sal u maandelikse pensioen van

R2 000

wees

Bron: Alexforbes

Meer as die helfte van mense wat aftree sal op minder as R2 000 as 'n pensioen moet leef, vir elke R10 000 wat hulle gemaak het voor aftrede.

Waarom het die gemiddelde lid hierdie ervaring?

Dit is hoofsaaklik omdat hulle hul aftreefondsspaargeld onttrek in plaas daarvan om dit te bewaar wanneer hulle aftree.

Wat is u opsies vir die bewaring van u aftreespaargeld en om die risiko dat u nie genoeg vir aftrede sal spaar nie, te verminder?

1 Dra u geld na u nuwe werkgewer se fonds oor

- U betaal nie belasting op die geld wat u oordra na u nuwe werkgewer se fonds nie, ongeag of dit 'n pensioenfonds of voorsorgfonds is.
- *U kan van u spaargeld as kontant onttrek en die res na u nuwe werkgewer se fonds oordra.
- U sal nie belasting hoef te betaal op die bedrag wat u oordra na u nuwe werkgewer se fonds nie, maar u sal dalk belasting moet betaal op die bedrag wat u as kontant onttrek.

2 Dra u geld na 'n bewaringsfonds oor

- U hoef nie belasting te betaal op die geld wat u oordra van 'n pensioenfonds of voorsorgfonds na óf 'n pensioenbewaringsfonds of 'n voorsorgbewaringsfonds nie.
 - *U kan 'n eenmalige onttrekking uit die bewaringsfonds maak. Hierdie enkele onttrekking laat u toe om al u geld in die bewaringsfonds of 'n gedeelte daarvan te neem.
 - U kan van 'n bewaringsfonds na 'n toekomstige werkgewer se fonds oordra.
 - U kan nie enige bykomende bydraes maak nie.
 - Die AFRIS-bewaringsfonds is aan u beskikbaar as u fonds AFRIS geïmplementeer het. U kan dalk voordeel trek uit laer fooie.
- Kontak Alexforbes om uit te vind of u vir hierdie opsie in aanmerking kom.

3 Dra u geld na 'n aftreeannuïteitsfonds oor

- U aftreespaargeld word bewaar vir u aftrede.
- U betaal nie belasting wanneer u u geld van u huidige aftreefonds na 'n aftreeannuïteitsfonds oordra nie.
- U kan bykomende bydraes maak.
- *U kan tot eenderde van u spaargeld as kontant neem wanneer u aftree.

4 Los die geld in die huidige fonds

- U mag voordeel uit laer fooie trek.
- Voor u aftree kan u die volle bedrag van u aftreespaargeld na 'n ander fonds oordra, of u kan geld as kontant onttrek. As u slegs 'n gedeelte van u aftreespaargeld onttrek, moet die res na 'n ander fonds oorgedra word.
- U kan nie bykomende bydraes maak nie.

LET WEL:

- 1.*U kan moontlik belasting betaal op die kontantbedrag wat u van u aftreespaargeld onttrek.
2. Nuwe reëls wat lede van aftreefondse toelaat om hul spaargeld tussen verskillende soorte fondse oor te dra sonder om belasting te betaal op die bedrag wat hulle oordra, is op 1 Maart 2021 ingestel.
3. 'n Finansiële adviseur kan die nuwe reëls verduidelik wat op u aftreespaargeld van toepassing is as u ná 1 Maart 2021 emigreer.

Dit is Jackie, en dit is wat in haar lewe gebeur.



Jackie is 23 en begin vandag werk. Sy verdien **R20 000** per maand. Sy begin bydra tot haar aftreefonds teen 'n koers van **12% van haar salaris**, wat uitwerk op **R2 400 per maand**. Soos met elkeen van ons is Jackie se lewe 'n reis vol hoogtepunte en laagtepunte.

Jackie se keuses oor haar aftreespaargeld soos sy op haar loopbaanreis gaan, sal beïnvloed hoeveel sy het om van te leef wanneer sy aftree



Ouderdom
23

Begin werk vir
R20 000 per
maand

Ouderdom
25

Verander van
werk, bewaar
haar spaargeld en
kry 'n verhoging

Ouderdom
29

Word bevorder
en ontvang 'n
verhoging

Ouderdom
33

Bedank, onttrek
kontant vir een jaar
se lewensonkoste
en om te studeer
en bewaar die res

Ouderdom
42

Bedank, bewaar
haar spaargeld en
kry 'n nuwe werk

Ouderdom
34

Kry 'n nuwe
werk met 'n
hoër salaris

Ouderdom
43

Presteer goed en
kry 'n verhoging

Ouderdom
54

Word uit diens
gestel, onttrek
kontant vir een jaar
se lewensonkoste
en bewaar die res

Ouderdom
55

Kry 'n werk
met 'n kleiner
salaris

Ouderdom
63

Tree af





Jackie maak keuses deur haar loopbaan.

Die besluite wat Jackie oor haar aftreespaargeld maak, sal die maandelikse pensioen bepaal wat sy sal kry wanneer sy aftree.

As Jackie haar aftreespaargeld belê hou wanneer sy van werk verander en haar bydrae gereeld verhoog, sal sy 'n goeie kans staan om genoeg te spaar om van te leef wanneer sy aftree. Of sy van werk verander en of sy haar bydrae gereeld verhoog, sal 'n groot verskil maak aan hoeveel haar maandelikse pensioen sal wees wanneer sy aftree.

Die waarde van advies

Die doel van finansiële advies is om individue te ondersteun om besluite te neem wat reg is vir hulle, op grond van hul persoonlike behoeftes en omstandighede.

Mense wat finansiële advies ontvang, kan die meeste maak van wat hulle het, en hulle staan die beste kans om hul doelwitte te bereik.

My Money Matters Centre

Tel: 0860 000 381

E-pos: mymoneymatters@alexforbes.com

Die pensioen wat Jackie kan kry, afhangend van haar keuses

Jackie leef goed in haar aftrede **R15 367**

As Jackie haar geld bewaar wanneer sy van werk verander (behalwe die keer wat sy 'n gedeeltelike onttrekking maak om te studeer) en haar bydrae gereeld verhoog, sal sy 'n maandelikse pensioen van R15 367 in vandag se geld kry wanneer sy aftree.

Jackie is gemaklik in haar aftrede **R11 902**

As Jackie haar geld bewaar wanneer ook al sy van werk verander (behalwe die keer wat sy 'n gedeeltelike onttrekking maak om te studeer), maar sy verhoog nie haar bydrae nie, sal sy 'n maandelikse pensioen van R11 902 in vandag se geld kry wanneer sy aftree.

Jackie kom oor die weg, maar is nie gemaklik in haar aftrede nie **R4 609**

As Jackie nooit haar geld bewaar nie (behalwe ná haar laaste werksverandering wanneer sy ouer is en die belangrikheid van bewaring besef), maar sy verhoog haar bydrae gereeld, sal sy aftree met 'n pensioen van R4 609 in vandag se geld.

Jackie sukkel finansiël in haar aftrede **R2 804**

As Jackie nooit haar geld bewaar tot haar laaste werksverandering op die ouderdom van 55 nie, en as sy nie haar bydrae verhoog nie, sal sy aftree met 'n pensioen van R2 804 in vandag se geld.

Wat anders moet u weet?

Indien u besluit om u aftreespaargeld as kontant te onttrek eerder as om dit belê te hou, sal u soos volg belas word.

Gedurende u leeftyd kan u 'n totaal van R500 000 van u aftreespaargeld met aftrede neem sonder dat u belas word. Alle bedrae groter as R25 000 wat u egter as kontant onttrek voor u aftree, sal hierdie bedrag verminder.²

Hoeveel u belas word, hang af van hoeveel u neem en wanneer u dit neem. Die belastingkoers word in die tabel hier onder getoon.

As u bedank	
Hoeveel u neem	Belastingkoers
R 1 - R 27 500	0%
R 27 501 - R 726 000	18%
R 726 001 - R 1 089 000	27%
R 1 089 000 en meer	36%

As u aftree ²	
Hoeveel u neem	Belastingkoers
R 1 - R 550 000	0%
R 550 001 - R 770 000	18%
R 770 001 - R 1 115 000	27%
R 1 115 000 en meer	36%

2. Die bedrag wat u as kontant kan neem sonder om daarop belas te word, hang af van u vorige onttrekkings uit u aftreefondse.

Fooie en kostes

Aanvanklike adviesfooie

Dit is vir die aanvanklike advies wat u finansiële adviseur aan u gee. Dit is 'n persentasie van die geld wat u belê, en die werklike persentasie word tussen u en u adviseur afgespreek.

Jaarlikse adviesfooie

Dit word maandeliks van u beleggings afgetrek. Die fooie is 'n persentasie wat tussen u en u finansiële adviseur afgespreek word.

Administrasiefooie

Dit is die fooie wat aan die fondsadministrateur betaal word. Die fooie word bereken en maandeliks van u beleggings afgetrek.

Beleggingsbestuurfooie

Dit is die fooie en kostes van die bestuurders van die beleggingsportefeuljes. Hulle word in die fonds se inligtingsblaaie van elke portefeulje uiteengesit en kan van tyd tot tyd verander.

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) word by fooie gevoeg waar dit van toepassing is.

Belangrike wenk

Nou dat u u werkgever verlaat, heroorweeg u moontlik baie dinge.

Hier is 'n paar faktore om in ag te neem om u finansiële uitkomst te verbeter:

- hou u aftreespaargeld belê wanneer ook al dit moontlik is
- dra soveel moontlik tot u spaargeld by
- maak seker dat u vir noodgevalle gedek is deur genoegsame versekering en spaargeld te hê
- bestuur skuld doeltreffend
- praat met u finansiële adviseur om u te help om u behoeftes te prioriteer en om besluite te neem wat reg is vir u.



Kontak ons

Vrae oor u aftreefonds:

Kliëntekontaksentrum

Tel: 0860 100 333

E-pos: admin@alexforbes.com

Finansiële advies:

My Money Matters Centre

Tel: 0860 000 381

E-pos: mymoneymatters@alexforbes.com

Hierdie dokument word nie as advies bedoel nie. Indien daar enige verskille is tussen hierdie dokument en die kontrakte en reëls van enige produk of diens, sal die kontrakte en reëls altyd van krag wees. Alexforbes Finansiële Dienste is 'n gelisensieerde verskaffer van finansiële dienste (FSP 1177). Die inligting in hierdie dokument behoort aan Alexforbes. U mag nie enige deel van hierdie dokument kopieer, versprei of wysig sonder Alexforbes se uitdruklike skriftelike toestemming nie.